

Moringa ovalifolia

DIE BOOM VAN DIE SPROKIESWOU IN DIE NASIONALE ETOSHA WILDTUIN

W. GIESS

Wanneer mens vanaf Okaukuejo in 'n westelike rigting ry, kom jy skielik en onverwags af op 'n miniatuurwoud van eienaardige bome met dik stamme. Die knobbelrige vertakkings en sonderlinge fatscene van hierdie bome gee hul 'n vreemde onwerklike voorkoms. Hier is iets unieks — die sprokieswoud van Etosha.

Hierdie merkwaardige bome behoort aan die geslag *Moringa* en hoewel 'n miniatuurwoud nêrens anders aangetref word nie is hierdie boomsoort nie tot hierdie lokaliteit in die park beperk nie.

Op geen ander plek in die hele gebied van die Wildpark of selfs in Suidwes word so 'n versameling van hierdie bome weer aangetref nie. Tog is die sprokieswoud nie die enigste plek waar die *Moringa* in die park gesien kan word nie. Op die rotsagtige hellings van Tweekoppies of selfs op die koppie naby Halali sien ons regop bome met opvallende liggrys, gladde, dik stamme. Dit is weer ons vriend van die Sprokieswoud, maar hier lyk hy heeltemal anders.

As ons na die grillige vorms van die stamme van die bome in die sprokieswoud kyk, moet ons onself afvra: Hoekom groei hulle hier in sulke snaakse vorms? Al die ander *Moringa*-bome wat ons op ander plekke teekom het tog mooi gladde regop stamme en is meestal baie min vertak, soos ook by Tweekoppies. Dit is waarskynlik dat hierdie plante reeds op 'n jong stadium op een of ander manier beskadig is. Moontlik word hulle deur diere gevreet, of die sagte, ligte en sponsagtige hout word op 'n ander manier beskadig. Miskien word diere deur die vogtigheid, wat in die stamme opgegaan word, aangelok en probeer dit vergeefs in die hande te kry. Vinnig probeer die jong boompie dan om hierdie skade te herstel en jong takkies groei uit op elke plek waar hulle seer gekry het. Hierdie takkies groei dan met verloop van jare tot groot stamme en dik takke uit.

Die *Moringa ovalifolia* wat slegs in Suidwes en die suidelike Angola aangetref word, is reeds in vroeëre jare deur die plantkundige Kurt Dinter in die Otjivera

berge tussen Okahandja en Windhoek ontdek en gedurende 1909 in 'n boek wat hy oor Suidwes plante geskryf het, saam met Berger beskryf. Hierdie boom is die enigste verteenwoordiger van die familie *Moringaceae* in Suidwes.

In die vroeë somer, dikwels voor die eerste reëns, sien ons aan die takke van die boom digte pluime met klein wit blommeties en tegelykertyd verskyn ook die helder liggroen blare, meestal aan die einde van die takkies. Die blare is dubbel saamgestel en word tot 60 cm lank en 40 cm breed. Dikwels sien mens nog die vrugte van verlede jaar aan die bome wat begin ryp word wanneer die nuwe bloeisels verskyn. Die vrugte is langwerpige, drie-kantige, tot 30 cm lange doosvrugte. Hul bars met 3 kleppe oor die hele lengte oop.

Die sade is drie-kantig en met dun vlerkies voorsien. Die hele vrug word in die groen stadium deur kameelperde graag gevreet.

Dit is 'n xerofitiese plant, eintlik 'n stamsukkulent, wat in die Namibrandgebied met 'n reënval van 100 mm kan klaarkom waar dit vir maande sonder blare staan. Tog brei dit ook ooswaarts uit tot in die dolomietberge by Tsumeb met 'n reënval tot 500 mm. Hierby moet ons in ag neem dat die *Moringa* in die droë dele heelwat meer vogtigheid verkry as wat die sporadiese reënval oplewer omdat dit meestal op hellings van berge en klipprante in rotskeure groei, waar afloopwater versamel.

Die verspreiding in Suidwes is vanaf die Naukluft Bergsebra Park in die suide al langs die platorand na die noorde tot in die Kaokoveld. Meer oostelik kom dit voor in die Otjihaveraberge tussen Okahandja en Windhoek asook oos van Wilhelmstal op die plaas Bergweiher waar dit, net soos in die Kaokoveld, op klipkoppe en saam met *Cyphostemma currori* aangetref word. Op die Omatakoberge groei dit op steil hange tot 'n hoogte van 2 100 meters en selfs op die hellings van die Klein-Waterberg by Okosongomingo kan dit gesien word.

Die sprokieswoud naby Okaukuejo is nietemin uniek in die opsig dat die *Moringa* hier op 'n vlakte as 'n min of meer suiwer stand voorkom (Plaat 2 van H. P. W. Flensburg en plaat 18 van W. Giess).